



Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tihabololo ya Metshameko

NORTH WEST PROVINCE

**NASIONALE
SENIORSERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GEOGRAFIE VRAESTEL 1

SEPTEMBER 2019

PUNTE: 225

TYD: 3 ure

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en 'n 11 bladsye Bylaag.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is by die BYLAE ingesluit.
4. Laat ∇ reël oop tussen onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag bo-aan ∇ nuwe bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Nommer die antwoorde in die middel van die reël.
8. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDBOEK skryf nie.
9. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
10. Beantwoord in VOLSINNE, tensy jy moet noem, identifiseer of ∇ lys moet maak.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE**VRAAG 1**

1.1 Verwys na FIGUUR 1.1 wat bergwindtoestande in Suid-Afrika toon. Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A . D) langs die vraagnommer (1.1.1 -1.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.8 D.

1.1.1 Bergwindtoestande vind plaas in Suid-Afrika gedurende ò

- A laatherfs/winter.
- B lente.
- C herfs.
- D laat/na-lente.

1.1.2 Die interaksie tussen die Kalahari-hoogdruk en ò veroorsaak bergwindtoestande.

- A kuslaag
- B warmfronte
- C okklusiefronte
- D die koue Benguella seestroom

1.1.3 Die lugbeweging wat geassosieer word met die Kalahari-hoogduksel is ò

- A dalend, divergerend en roteer kloksgewys.
- B stygend, divergerend en roteer antikloksgewys.
- C stygend, konvergerend en roteer kloksgewys.
- D dalend, divergerend en roteer antikloksgewys.

1.1.4 Wanneer lug van die plato af teen die platorand af daal, word dit verwarm deur die ò

- A droë adiabatiese vervaltempo.
- B nat adiabatiese vervaltempo.
- C nat en droë vervaltempo.
- D 30°C vir elke 100m.

1.1.5 Bergwinde in die Wes-Kaap gaan gepaard met ò toestande.

- A droë
- B warm
- C koue
- D warm en droë

1.1.6 Die gevaar wat geassosieer word met bergwindtoestande is ò

- A droogtes.
- B veldbrande.
- C vloede.
- D stormstuwings.

1.1.7 Die weerstelsel wat gewoonlik volg na 'n bergwind is 'n \bar{o}

- A tropiese sikloon.
- B geokkludeerde front.
- C warmfront.
- D kouefront.

(7 x 1) (7)

1.2 Kies die korrekte woord/e tussen hakies. Skryf slegs die woord/e langs die vraagnommer (1.2.1-1.2.8) in jou ANTWOORDEBOEK.

1.2.1 Die onderliggende gesteentetipe wat voorkom by die radiaal dreineringspatroon, is (stollings/metamorfiese) gesteentes.

1.2.2 (Dendrities/tralie) dreineringspatroon vorm op gesteentes wat eenvormig bestand is teen erosie.

1.2.3 Reghoekige dreineringspatrone word in gebiede gevind wat (verskuiwings/kromming) ondergaan het.

1.2.4 'n (Radiale/Ontwrigte) dreineerpatroon lyk soos die speke van 'n wiel.

1.2.5 'n (Tralie/Dendritiese) stroompatroon lyk soos die takke van 'n boom.

1.2.6 'n (Tralie/Reghoekige) stroompatroon het parallelle strome met kort sytakke wat reghoekig by die hoofstroom aansluit.

1.2.7 'n (Radiale/Ontwrigte) stroompatroon word in gebiede aangetref wat vergletsering ondergaan het.

1.2.8 Sytakke met 90° buigings wat reghoekig aansluit by die stroom is 'n (reghoekige/tralie) stroompatroon. (8 x 1) (8)

1.3 Bestudeer FIGUUR 1.3 'n sinoptiese weerkaart.

1.3.1 Die sinoptiese weerkaart stel somertoestande voor. Gee EEN bewys vanaf die sinoptiese weerkaart om die bogenoemde stelling te staaf. (1 x 1) (1)

1.3.2 Met verwysing na weerverskynsel **B**:

a) Noem die weerstelsel wat deur lyn **B** op die sinoptiese weerkaart voorgestel word. (1 x 2) (2)

b) Verduidelik hoe weerverskynsel **B** op die sinoptiese weerkaart gevorm word. (2 x 2) (4)

1.3.3 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls waarin jy die impak wat weerverskynsel **B** op boere in Suid-Afrika sal hê, bespreek. (4 x 2) (8)

- 1.4 Bestudeer FIGUUR 1.4 wat 'n stedelike hitte-eiland voorstel.
- 1.4.1 Definieer die konsep *stedelike hitte-eiland*. (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Bereken die verskil in temperatuur tussen die SSG en die omliggende landelike gebiede. (1 x 2) (2)
- 1.4.3 Verduidelik TWEE redes vanaf die diagram waarom die temperatuurverskil voorkom. (2 x 2) (4)
- 1.4.4 Stel TWEE volhoubare strategieë voor wat die Stadsbeplanners in die toekoms kan doen / inkorporeer om die toename in stedelike temperatuur teen te werk. (2 x 2) (4)
- 1.4.5 Bespreek die invloed wat kenmerk **A** op die mens sal hê. (2 x 2) (4)
- 1.5. Bestudeer FIGUUR 1.5 wat toon hoe 'n rivier se dwarsprofiel stroomaf verander.
- 1.5.1 Definieer die term *dwarsprofiel*. (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Noem die dimensies wat deur 'n dwarsdeursnee van 'n rivierkanaal getoon word. (2 x 1) (2)
- 1.5.3 Verskaf TWEE kenmerke van 'n ongegradeerde rivier. (2 x 2) (4)
- 1.5.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek hoekom die kanaal kenmerke van 'n dwarsprofiel stroomaf verander. (4 x 2) (8)
- 1.6 FIGUUR 1.6 vertoon 'n kronkelende rivier.
- 1.6.1 Definieer die konsep *meander*. (1 x 1) (1)
- 1.6.2 Verduidelik hoe kenmerk **C** gevorm word. (2 x 1) (2)
- 1.6.3 Bespreek die belangrikheid van kenmerk **C**. (2 x 2) (4)
- 1.6.4 Verduidelik wat met **C** sal gebeur wanneer dit van die rivier/hoofstroom afgesny word. (2 x 2) (4)
- 1.6.5 Verduidelik waarom die spoed van die rivier by kenmerk **A** en **B** op FIGUUR 6.1 verskil. (2 x 2) (4)

[75]

VRAAG 2

- 2.1 Verwys na FIGUUR 2.1 wat faktore uitbeeld wat die weer en klimaat van Suid-Afrika beïnvloed. Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord uit die onderstaande moontlikhede te kies. Skryf slegs die ontbrekende woord teenoor die vraagnommer neer (2.1.1-2.1.8) in jou ANTWOORDEBOEK.

Subtropiese laag; warm Mosambiek; koue Benguella; Suid-Indiese hoogdrukssel; subtropiese hoog; inversielaag; kuslaag; Suid-Atlantiese hoog; stabiele; koue; onstabiele

- 2.1.1 Die ò seestroom veroorsaak dat warmer toestande aan die ooskus as aan die weskus van Suid-Afrika voorkom.
- 2.1.2 ò lugdrukssel veroorsaak adveksiemis langs die weskus van Suid-Afrika.
- 2.1.3 Die teenwoordigheid van die Kalahari hoogdrukssel oor die binneland van Suid-Afrika gedurende die winter, veroorsaak ò toestande.
- 2.1.4 Die ò verhoed dat vogtige lug die binneland in die winter bereik.
- 2.1.5 Die ò seestroom dra by tot die droë, ariede toestande aan die weskus van Suid-Afrika.
- 2.1.6 Die ò fronte is verantwoordelik vir winterreën in die Kaap.
- 2.1.7 Die ò is die swakste hoogdrukssel wat Suid-Afrika se weer beïnvloed.
- 2.1.8 Suid-Afrika se klimaat word gedomineer deur die ò drukgordel.

(8 x 1) (8)

- 2.2 Pas die stellings in KOLOM **A** by die terme in KOLOM **B**. Skryf SLEGS die letter (A. H) teenoor die vraagnommer (2.2.1. 2.2.7) neer in jou ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 2.2.8 I.

KOLOM A	KOLOM B
2.2.1 Die gebied wat deur 'n rivier dreineer word	A Antesedente dreineringspatroon
2.2.2 'n Rivier in 'n woestyn wat in 'n reënryke gebied ontspring	B Gegradeerde rivier
2.2.3 Riviere wat slegs vloei na 'n harde reënbui.	C Dreineerbekken
2.2.4 'n Rivier wat jonger is as die landskap waaroor dit vloei	D Dreineerdigheid
2.2.5 'n Gladde konkawe vorm	E Episodiese rivier
2.2.6 Die verhouding tussen die totale lengte van strome in die dreineerbekken tot die oppervlak van die dreineerbekken	F Waterskeiding
2.2.7 Hoogliggende gebied wat dreineerbekkens van mekaar skei	G Geërfde dreineringspatroon
	H Eksotiese rivier

(7 x 1) (7)

- 2.3 Bestudeer die kaart en die leesstuk oor die storm-waarskuwings in FIGUUR 2.3.

- 2.3.1 Wat is 'n kouefront? (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Hoekom beïnvloed die kouefront Suid-Afrika se weer gedurende die winter? (1 x 2) (2)
- 2.3.3 Verduidelik die maandelike weersveranderinge wat Kaapstad sal ervaar as gevolg van die kouefront. (1 x 2) (2)
- 2.3.4 Bespreek wat het die Suid-Afrikaanse weardiens laat besluit om hierdie waarskuwing uit te reik? (1 x 2) (2)
- 2.3.5 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls waarin jy die voorsorgmaatreëls en bestuurstrategieë bespreek wat die inwoners wat langs die kusgebiede woon moet tref, om die impak van die kouefront te verminder. (4 x 2) (8)

- 2.4 Verwys na FIGUUR 2.4 wat die voorstelling van katabatiese winde toon.
- 2.4.1 Definieer die konsep *katabatiese wind*? (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Wat veroorsaak dat hierdie winde teen die helling af beweeg? (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Verduidelik die invloed van katabatiese winde op die ligging van ∇ nedersetting. (1 x 2) (2)
- 2.4.4 Bespreek hoe die katabatiese winde verantwoordelik is vir die vriesende toestande in die vallei. (1 x 2) (2)
- 2.4.5 Verduidelik die ontstaan van stralingsmis/radiasiemis op die bodem van die vallei, soos voorgestel in die FIGUUR 2.4. (2 x 2) (4)
- 2.4.6 Lig TWEE probleme uit waarmee die inwoners in die vallei te doen gaan kry, as gevolg van die mistigheid. (2 x 2) (4)
- 2.5 Bestudeer FIGUUR 2.5 wat rivierverjonging voorstel.
- 2.5.1 Wat is *rivierverjonging*? (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Gee EEN toestand wat lei tot rivierverjonging. (1 x 1) (1)
- 2.5.3 Watter bewyse is daar dat rivierverjonging plaasvind? (1 x 1) (1)
- 2.5.4 Beskryf die verandering wat ∇ rivier ondergaan na verjonging. (1 x 2) (2)
- 2.5.5 Met verwysing na rivierterrasse.
- a) Verduidelik hoe rivierverjonging ∇ rivierterras vorm. (2 x 2) (4)
- b) Verduidelik die belangrike rol van rivierterrasse. (1 x 2) (2)
- 2.5.6 Bespreek hoekom die verjongde landskap nie geskik is vir ekonomiese aktiwiteite nie? (2 x 2) (4)
- 2.6 Verwys na FIGUUR 2.6 wat stroomroof voorstel.
- 2.6.1 Definieer die term *stroomroof*. (1 x 1) (1)
- 2.6.2 Verskaf EEN moontlike rede waarom stroomroof in hierdie gebied plaasgevind het. (1 x 2) (2)
- 2.6.3 Verduidelik hoe die roofstroom boerdery sal bevorder op die rivieroewers. (2 x 2) (4)
- 2.6.4 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls en bespreek die impak van stroomroof op ∇ nedersetting langs die verarmde rivier. (4 x 2) (8)

[75]

**AFDELING B: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN SUID-
AFRIKAANSE EKONOMIESE GEOGRAFIE****VRAAG 3**

3.1. Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A. D) langs die vraagnommer (3.1.1.. 3.1.8.) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 3.1.9. A.

3.1.1 Die standplaas van 'n nedersetting kan deur $\text{\textcircled{0}}$ beïnvloed word.

- A dreinerings
- B funksie
- C ligging
- D bevolkingsgrootte

3.1.2 Nedersettings word geklassifiseer volgens $\text{\textcircled{0}}$

- A gebouedigheid.
- B grootte en kompleksiteit.
- C afstand.
- D profiel.

3.1.3 Landelike gebiede word gekenmerk deur $\text{\textcircled{0}}$ ekonomiese aktiwiteite.

- A sekondêre
- B tersiêre
- C kwaternêre
- D primêre

3.1.4 Die beweging van nywerhede weg van die sentrale deel staan bekend as $\text{\textcircled{0}}$

- A nasionalisasie.
- B agglomerasie.
- C sentralisasie.
- D desentralisasie.

3.1.5 'n Klein kernnedersetting staan bekend as 'n $\text{\textcircled{0}}$

- A boeredorpie.
- B geïsoleerde plaasopstal.
- C dorp.
- D konurbasie.

3.1.6 Nedersettings word geklassifiseer volgens die $\text{\textcircled{0}}$

- A aantal inwoners.
- B aantal funksies.
- C gebouedigheid.
- D patroon.

3.1.7 Die Veelvuldige Kerne Model toon ò

- A die verskillende grondgebruiksones in konsentriese sirkels rondom die SSG.
- B die verskillende grondgebruiksones in sektore rondom die SSG.
- C die verskillende grondgebruiksones rondom ñ kern.
- D dat stede in Suid-Afrika verskil van ander lande as gevolg van apartheid.

3.1.8 Landelik-stedelike oorgangsones word gevind ò

- A in die middel van die stad.
- B op die buitewyke van die stad.
- C langs die SSG.
- D langs ñ woongebied. (8 x 1) (8)

3.2. Kies ñ beskrywing uit KOLOM A wat die beste pas by die term in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A. G) langs die vraagnommer (3.2.1. 3.2.7) in die ANTWOORDEBOEK byvoorbeeld 3.2.8. I

KOLOM A	KOLOM B
3.2.1 Hulle is naby die mark geleë	A Ongebonde nywerhede
3.2.2 Verkoop goedere aan ander lande	B Swaarnywerhede
3.2.3 Hulle werk deur direkte bemarking bv. e-pos	C Uitvoer
3.2.4 Geleë naby die bron	D Brug/Vragverbrekingpunt nywerhede
3.2.5 Verander van een soort vervoer na ñ ander soort vervoer	E Motornywerhede
3.2.6 Groot hoeveelhede grondstowwe word gebruik en besoedeling vind plaas	F Ligte nywerhede
3.2.7 Hanteer klein hoeveelhede materiaal en veroorsaak min besoedeling	G Markgerigte nywerhede
	H Grondstofnywerhede

(7 x 1) (7)

3.3. Verwys na FIGUUR 3.3 wat handel oor landelike ontwikkeling en -hervorming.

- 3.3.1 Definieer die konsep *grondhervorming*. (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Verduidelik hoe grondhervorming enige van die drie probleme sal aanspreek wat in die artikel genoem word. (1 x 2) (2)
- 3.3.3 Bespreek hoekom grondhervorming belangrik geag word in landelike gebiede. (2 x 2) (4)
- 3.3.4 Verduidelik TWEE faktore wat grondhervorming in die Cradock-omgewing bevoordeel het. (2 x 2) (4)

- 3.3.5 Gee redes vir die stadige grondhervormingsproses in Suid-Afrika. (1 x 2) (2)
- 3.4. Bestudeer FIGUUR 3.4. wat die Sentrale Sake Gebied (SSG) en sy kenmerke toon.
- 3.4.1 Benoem die straatpatroon wat die SSG domineer. (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Gee TWEE nadele van die straatpatroon genoem in VRAAG 3.4.1. (2 x 2) (4)
- 3.4.3 Verskaf TWEE kenmerke van die geboue in FIGUUR 3.4. (2 x 1) (2)
- 3.4.4 Verkeersopeenhoping is $\text{\textcircled{a}}$ groot probleem in stede. Stel EEN manier voor hoe stede die verkeersopeenhopings kan verminder. (1 x 2) (2)
- 3.4.5 Stedelike vernuwing is $\text{\textcircled{a}}$ fokus van baie stede wêreldwyd. In $\text{\textcircled{a}}$ paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek hoe stedelike vernuwing in groot stede soos Johannesburg plaasvind. (4 x 2) (8)
- 3.5. Bestudeer FIGUUR 3.5 wat die informele ekonomiese sektor toon.
- 3.5.1 Wat is $\text{\textcircled{a}}$ *informele ekonomiese sektor*? (1 x 1) (1)
- 3.5.2 Watter bewyse toon dat informele handel in FIGUUR 3.5 plaasvind? (1 x 2) (2)
- 3.5.3 Verduidelik waarom die informele sektor se werkskepping oorheers word deur vroue in plaas van mans. (2 x 2) (4)
- 3.5.4 Groei in die werkskepping in die informele sektor word deur verskeie negatiewe faktore beïnvloed. In $\text{\textcircled{a}}$ paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die faktore wat die informele sektor se werkskepping negatief beïnvloed. (4 x 2) (8)
- 3.6. Bestudeer FIGUUR 3.6 wat die Platinum Ruimtelike Ontwikkelings-Inisiatief (ROI) toon.
- 3.6.1 Gee die naam van die bestaande roete wat Maputo met Walvisbaai verbind. (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Verduidelik hoe die vervoerroete genoem in VRAAG 3.6.1 die ontwikkeling in die Rustenburgomgewing bevoordeel. (1 x 2) (2)
- 3.6.3 Verduidelik TWEE fisiese faktore wat die ontwikkeling van die Platinum ROI bevoordeel het. (2 x 2) (4)
- 3.6.4 Gee die voordele wat die ontwikkeling van die Platinum ROI vir die plaaslike gemeenskap het. (2 x 2) (4)
- 3.6.5 Ondersoek die uitdagings met betrekking tot die ontwikkeling van die Platinum ROI. (2 x 2) (4)

[75]

VRAAG 4

- 4.1. Kies die korrekte beskrywing uit KOLOM **A** om by die term in KOLOM **B** te pas. Skryf slegs die letter (A. H) langs die vraagnommer (4.1.1. 4.1.8) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 4.1.9 **J**.

KOLOM A	KOLOM B
4.1.1 <input type="checkbox"/> Dorp wat ontstaan het as gevolg van een dominante funksie bv. mynbou	A Invloedsfeer
4.1.2 Wanneer dorpe uitbrei en by mekaar aansluit om <input type="checkbox"/> aaneenlopende beboude gebied te vorm	B Reikwydte
4.1.3 Die straatfront van ou geboue word behou en nuwe strukture word agter die oorspronklike fasade gebou	C Drempelbevolking
4.1.4 Dit is die maksimum afstand wat mense sal ry om sekere goedere en dienste te kry	D Gespesialiseerde dorp
4.1.5 <input type="checkbox"/> Area rondom die SSG met gemengde grondgebruik waar indringing en opvolging plaasvind	E Konurbasie
4.1.6 Die minimum aantal klante wat <input type="checkbox"/> diens/ besigheid nodig het om ekonomies <input type="checkbox"/> wins te maak	F Fasadisme
4.1.7 Die gebied vanwaar <input type="checkbox"/> besigheid of diens sy klante trek	G Oorgangsones
4.1.8 <input type="checkbox"/> Stedelike nedersetting wat goedere en dienste aan die omliggende landelike bevolking lewer.	H Stedelike agteruitgang
	I Sentrale plek

(8 x 1) (8)

- 4.2. Verskeie opsies word as moontlike antwoorde gegee op die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A. D) langs die vraagnommer (4.2.1. 4.2.7) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 4.2.8 **A**.

- 4.2.1. Die versameling en manipulasie van inligting is voorbeeld van ekonomiese aktiwiteit.

- A kwaterêre
- B tersiêre
- C sekondêre
- D primêre

- 4.2.2. ō is die totale waarde van alle goedere en dienste geproduseer in ̣n land in een jaar.
- A Bruto nasionale produk
 - B Bruto distrik produk
 - C Bruto binnelandse produk
 - D Bruto provinsiale produk
- 4.2.3. Dié NOS word gesien as ̣n middelpunt vir mariene-ingenieurswese.
- A Saldanhabaai
 - B Richardsbaai
 - C Walvisbaai
 - D Kaapstad
- 4.2.4. Die grootste aluminium vervaardiger en die leier van die vervaardiger van swaar masjinerie kom in ̣ voor.
- A Kaapstad
 - B Walvisbaai
 - C Richardsbaai
 - D Saldanhabaai
- 4.2.5. Die korrekte term vir die ruil van goedere en dienste tussen lande, staan bekend as ̣
- A uitvoere.
 - B invoere.
 - C handelsbalans.
 - D handel.
- 4.2.6. ̣n Term wat gebruik word om goedere te beskryf wat hoofsaaklik vervaardig word om aan ander lande te verkoop, is ̣ ̣
- A tuismerk.
 - B invoermerk.
 - C uitvoermerk.
 - D streeksmerk.
- 4.2.7. Die verwerking van rougrondstowwe om hul waarde te verhoog is ̣
- A primêre aktiwiteite.
 - B sekondêre aktiwiteite.
 - C tersiêre aktiwiteite.
 - D kwatenêre aktiwiteite.

(7 x 1) (7)

- 4.3. Bestudeer FIGUUR 4.3, wat π landelike informele nedersetting toon.
- 4.3.1 Verwys na nedersetting **B**:
- a) Identifiseer die nedersettingspatroon by **B**. (1 x 1) (1)
 - b) Verduidelik waarom hierdie nedersettingspatroon voorkom. (2 x 2) (4)
 - c) Verskaf EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 4.3.1(b). (1 x 2) (2)
- 4.3.2 Verwys na nedersetting **A**.
- a) Bespreek EEN nadeel om by nedersetting **A** te woon. (1 x 2) (2)
- 4.3.3 Verduidelik π faktor wat die ligging van nedersetting **B** beïnvloed het. (1 x 2) (2)
- 4.3.4 Verduidelik die faktore wat die keuse van standplaas **C** beïnvloed het. (2 x 2) (4)
- 4.4. Verwys na FIGUUR 4.4 wat verstedeliking in Suid-Afrika vanaf 2007 tot 2017 toon.
- 4.4.1 Definieer die konsep *verstedelikingstempo*. (1 x 1) (1)
- 4.4.2 In 2017 was die verstedelikingskoers 65.85% in Suid-Afrika. Gee π moontlike rede daarvoor. (1 x 2) (2)
- 4.4.3 Verduidelik hoe Suid-Afrikaanse stadsbeplanners kreatief moet wees om probleme op te los, byvoorbeeld soos behuisingtekorte wat deur verstedeliking veroorsaak word. (2 x 2) (4)
- 4.4.4 Skryf π paragraaf van AGT reëls en bespreek volhoubare metodes om verstedeliking te verlangsaam. (4 x 2) (8)
- 4.5. Bestudeer FIGUUR 4.5 wat die hoof nywerheidsgebiede in Suid-Afrika toon.
- 4.5.1 Benoem nywerheidsgebied **C**. (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Bespreek kortliks DRIE faktore wat nywerheidsontwikkeling in nywerheidsgebied **C** beperk het. (3 x 2) (6)
- 4.5.3 Bespreek TWEE natuurlike faktore wat nywerheidsontwikkeling in nywerheidsgebied **C** bevorder het. (2 x 2) (4)
- 4.5.4 Verduidelik hoe nywerheids groei Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling ondersteun. (2 x 2) (4)

- 4.6. Bestudeer FIGUUR 4.6 en artikel wat handel oor die Suid-Afrikaanse mynboubedryf.
- 4.6.1 Gee en bewys vanaf die artikel dat 2017 en moeilike jaar vir die mynboubedryf was. (1 x 1) (1)
- 4.6.2 Watter omkeerstrategie wat in die artikel genoem word het sekere myne laat herstel? (1 x 2) (2)
- 4.6.3 Verduidelik die negatiewe impak wat arbeid het op die Suid-Afrikaanse mynboubedryf. (2 x 2) (4)
- 4.6.4 In en paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek hoe afleggings in die mynbousektor die ekonomie van Suid-Afrika sal beïnvloed. (4 x 2) (8)
- [75]**

TOTAAL: 225